

DO MORE
of what
makes you
HAPPY

# Hallo liewe kunstenaars!

Ek hoop dat jy verlede week lekker geskets het!

Hierdie week gaan die kreatiwiteit voort.

Ek hou baie daarvan om te leer terwyl ek speel!

Vir die volgende aktiwiteit benodig jy twee dobbelstene, ‘n potlood en ‘n papier – OH, EN BAIE VERBEELDING!

Jy kan hierdie aktiwiteit saam met iemand in jou huis speel of jy kan dit op jou eie speel.

Dit werk so:

Op die volgende skyfie is 12 onderwerpe wat jy kan teken.

As jy byvoorbeeld ‘n 5 en ‘n 4 op die dobbelsteen gooi, moet jy nommer 9 op die lys teken.

Die onderwerpe is baie ongewoon, maar ek glo daar sal ‘n giggel of twee uitkom!

‘n Oulike idee wat jy dalk daarmee kan doen is om kaartjies vir jou maats te maak en vir hulle ‘n foto daarvan te stuur, net om te sê dat jy aan hulle dink of dat jy hulle mis.

Get those CREATIVE juices flowing

# ONDERWERPE:

1. ‘n Kat wat enige soort sport doen
2. ‘n Koalabeer wat by die snoepie werk
3. ‘n Ouma as ‘n polisievrou
4. Twee mense wat ‘n warm aartappel gooi in plaas van ‘n bal
5. ‘n Seerower wat braai
6. Kombineer enige twee diere om een nuwe dier te ontwerp
7. ‘n Seekat met lepels vir tentakels
8. ‘n Muis wat ‘n kat jaag
9. ‘n Hoender wat “skydive”
10. ‘n Krap se verjaarsdagpartytjie
11. ‘n Nar wat blomme nies
12. ‘n Dinosaurus wat huil

# So lyk myne!

# Myne is ‘n briefie aan elkeen van julle.

